


**E**k en van die ander skrywers van die Geldbeplanning-rubriek skryf gereeld oor die belangrikheid van jou testament. Ek wil vandag enkele verdere punte beklemtoon, veral die belangrikheid daarvan dat jou testament en jou boedelplan in dieselfde rigting trek.

Wat my bring by wat ek beskou as 'n goed bedoelde probleem. Elke jaar hou prokureurs 'n gratis testamenteweek. Goed bedoel, want hulle wil mense help.

'n Probleem, meen ek, want ek sien nie dat daar genoeg, of enigsins, vooraf dinkwerk en boedelbeplanning gedoen word nie. Wat ek sê, is dat gratis werk 100% werd is wat jy daarvoor betaal het.

Jou testament kan regstegnies korrek en uitvoerbaar wees. Maar is dit wat jy bedoel het? Wat moet gebeur as 'n deel daarvan nie uitvoerbaar is nie? Is die gevolge daarvan wat jy sou wou gehad het?

Is die finansiële gevolge van jou dood behoorlik in ag geneem? As jy alles bemaak het, is daar genoeg geld om te sorg vir skuld, sterfbedkoste en die onderhoud van 'n



## Beplan jou testament volgens jou boedel

**Met al die klem wat daar in rubrieke oor testamente op die tegniese korrektheid daarvan geplaas word, gaan die kernboodskap soms verlore. Jou testament kan aan ál die vereistes van die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) voldoen, maar steeds 'n finansiële nagmerrie vir jou naasbestaandes skep.**

langslewende gade?

Kom ons kry dit uit die pad: Jy het nie 'n testament nodig sodat jou boedel afgehandel kan word nie. Al het jy nie 'n testament nie, sal jou goed steeds vererf, maar ongelukkig nie noodwendig soos jy sou wou hê nie.

### BOEDELPLAN

Jou testament moet dus namens jou praat, want jy kan dan nie meer self nie. Dít is waar jou boedelplan inkom. Die twee is spanmaats. Hulle moet saam in dieselfde rigting

trek. Jou testament sal nie kan praat oor dit waarvan hy nie weet nie.

Beplan dus eers jou boedel. Volg dit dan op met 'n testament om ná jou dood uitvoering daaraan te kan gee volgens wat jy wil – nie volgens die wil in een of ander standaardtestament nie.

'n Behoorlike boedelplan tref wyd. Dit begin by lewe. Ons noem dit 'n boedelplan, maar die werkbaarheid daarvan begin lank voor jy doodgaan. Jou testament doen niks anders nie as om die finale stap

in die uitvoering van jou boedelplan te bepaal.

'n Boedelplan is 'n finansiële werk. Een met regsgevolge. Dit moet verseker dat jy gedurende jou leeftyd die genietinge van jou bates het en dat jou naasbestaandes sal kan voortgaan om dit te geniet, selfs ná jou dood.

Hoe lyk dit? Dit moet buigsaam wees.

Die lewe is nie elke dag dieselfde nie. Jou behoeftes en jou vermoëns verander gedurig. Waak dus teen rigiditeit.

Dit moet sekerheid bied vir likiditeit in die boedel ná jou dood. Uitstaande belasting, sterfbedkoste, eksekuteurskoste, boedeluitgawes, kontantbemaakings en alle uitstaande skuld vereis genoeg kontant in die boedel.

Jy wil nie die eksekuteur verplig om bates te moet verkoop om boedelpligte te kan nakom nie. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,  
e-pos: [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com),  
Twitter: [@Nicovangijsen](https://twitter.com/Nicovangijsen)